

**Maandag 30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Filippense 3:13-21; 1 Korintiërs 15:50-58**

**Fokusgedeelte: Filippense 3:14, 20, 21**

**Verheerlikte liggame vir ons heerlike hemelhuis**

Die apostels spoor sy lesers aan om die wedloop van geloof te hardloop. Hulle moet nie toelaat dat die mislukkings of suksesse van hulle verlede hulle laat terugkyk en soos Lot se vrou in hulle spore stop nie. Hulle moet vooruitkyk na die Here Jesus Christus wat reeds by die wenstreep staan. Hy het die wedloop reeds klaargemaak en Hy is ons Voorbeeld en Afrigter.

Maar wat is die dryfkrag vir gelowiges om aan te hou hardloop, wanneer ons moeg en moedeloos word? Die apostel sê vir ons: Daar is 'n prys, 'n beloning wat wag! Moses kon ook op sy beurt aanhou en aanhou met die moeilike wedloop, omdat hy hierdie beloning voor oë gehou het (Heb. 11:26).

Die beloning is dat ons Huis toe sal gaan. Die hemel is ons huis. Ons verlang na ons vaderland en aan die einde van hierdie lewe sal ons as burgers van die hemel ook al die ewige voorregte en geluk van ons hemelhuis ervaar.

Die beloning sluit ook in dat ons liggame verander sal word om vir ewig in ons hemelhuis te woon. Ons liggame sal verheerlik word soos die liggaam van Jesus Christus, toe Hy opgestaan het uit die dood. Hy is die “eersteling van die ontslapenes” (1 Kor. 15:20). Ons liggame sal herkenbaar wees en tog totaal anders – nuut, vry, onverganklik en verheerlik (1 Kor. 15:52, 53)!

Daar is van ons wat baie liggaamlike moeite ervaar terwyl ons die wedloop van die geloof hardloop. Ons sukkel met depressie, kroniese pyn, ouderdom, kanker en allerlei siektes. Kyk maar net vooruit na die wenstreep en sien die verheerlikte Jesus daar staan. Hy wag om jou te beloon. Hy wag om jou huis toe te neem en jou liggaam eens en vir altyd te bevry en te verheerlik.

*Sing: Skrifberyming 57 (18-6):1-5*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*